

***Genade vir
dissipels***



**Ek glo in God die Vader,
die Almagtige, die Skepper
van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus,
Sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is
van die Heilige Gees,**

**gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder
Pontius Pilatus, gekruisig is,
gestarf het en begrawe is
en ter helle neergedaal het;**

**Wat op die derde dag weer
opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het
na die hemel en sit aan
die regterhand van God,
die almachtige Vader,**

van waar Hy sal kom

om te oordeel

die wat nog lewe

en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

**Ek glo aan 'n heilige,
algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van
die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.**

***Genade vir
dissipels***



Waarskuwing aan Petrus

Matt 26:31-35

Mark 14:27-31

Luk 22:31-34

Joh 13:36-38

INTENSIE



MATTEUS 26 & MARKUS 14:27-31

Waarskuwing aan Petrus

31 Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal almal in hierdie nag van My afvallig raak. Daar staan immers geskryf,

“ ‘Ek sal die herder neerverel,
en die skape van die kudde
sal uitmekaar gejaag word.’

32 “Maar nadat Ek opgewek is, sal Ek voor julle uit gaan na Galilea.” 33 • Petrus het egter vir Hom gesê: “Selfs al sal almal van U afvallig raak, ek sal nooit afvallig raak nie.” 34 Jesus het hom geantwoord: “• Amen, Ek sê vir jou, jy sal My in hierdie nag, voor 'n haan kraai, drie maal verloën.” 35 Petrus sê toe vir Hom: “Selfs al moet ek saam met U sterf, ek sal U beslis nie verloën nie!” Al die dissipels het dieselfde gesê.

LUKAS 22

Waarskuwing aan Petrus

31“Simon, Simon! Kyk, Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. 32Maar Ek het vir jou gebid, sodat jou geloof nie sal wankel nie. En wanneer jy eendag tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk.” 33•Petrus het egter vir Hom gesê: “Here, ek is bereid om saam met U die tronk en die dood binne te gaan.” 34Maar Jesus sê: “Ek sê vir jou, Petrus, die haan sal vandag nie kraai voordat jy drie maal ontken het dat jy My ken nie. ”

Johannes 13

Waarskuwing aan Petrus

36 Simon • Petrus vra Hom toe: “Here, waarheen gaan U?” Jesus het hom geantwoord: “Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar later sal jy volg.” 37 Maar Petrus sê vir Hom: “Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê.”

38 Toe antwoord Jesus: “Sal jy jou lewe vir My aflê? Amen, amen, Ek sê vir jou: Die haan sal beslis nie kraai voordat jy My drie keer verloën het nie.”



**SONDE
REAKSIE**

**Eerste verloëning deur
Petrus**

Matt 26:69-70

Mark 14:66-68

Luk 22:55-57

Joh 18:15-18

**Tweede verloëning deur
Petrus**

Matt 26:71-75

Mark 14:69-72

Luk 22:58-62

Joh 18: 25-27

Johannes 18

Eerste verloëning deur Petrus

15 Simon • Petrus en 'n ander dissipel het Jesus gevolg. Daardie dissipel was aan die hoëpriester bekend, en hy het saam met Jesus by die hoëpriester se voorhof ingegaan.

16 Petrus het egter buite by die deur bly staan. Toe het die ander dissipel, die een wat aan die hoëpriester bekend was, uitgestap en met die deurwag gaan praat, en Petrus na binne gebring.

17 Die diensmeisie wat die deurwag was, sê toe vir Petrus: “Is jy nie ook een van hierdie man se dissipels nie?” Hy antwoord: “Ek is nie!”

18Die slawe en die tempelwagte het hulle gestaan en warm maak by 'n koolvuur wat hulle gemaak het, omdat dit koud was. Ook Petrus het hom daar by hulle gestaan en warm maak.

Johannes 18

Tweede verloëning deur Petrus

25 Simon • Petrus het hom nog daar staan en warm maak. Hulle sê toe vir hom: “Is jy nie ook een van sy dissipels nie?” Petrus het dit ontken en gesê: “Ek is nie!” 26 Een van die hoëpriester se slawe, 'n familielid van die een wie se oor Petrus afgekap het, het gesê: “Ek het jou mos in die tuin by hom gesien, dan nie?” 27 Petrus het dit weer ontken. En onmiddellik het 'n haan gekraai.



GENADE AKSIE



Johannes 21

Petrus in sy amp herstel

15 Toe hulle klaar was met ontbyt, vra Jesus vir Simon • Petrus: “Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle?” Hy sê vir Hom: “Ja, Here, U weet dat ek U liefhet.” Hy sê vir hom: “Laat my lammers wei.”

16Hy vra hom weer 'n tweede keer: “Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief?” Hy sê vir Hom: “Ja, Here, U weet dat ek U liefhet.” Hy sê vir hom: “Pas my skape op.”

17Hy vra hom die derde keer: “Simon, seun van Johannes, het jy My lief?” Petrus het bedroef geword omdat Hy hom die derde keer gevra het, “Het jy My lief?” en hy antwoord Hom: “Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.” Jesus sê vir hom: “Laat my skape wei.

REAKSIE



GENADE

AKSIE

INTENSIE

SONDE